HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Nuusbrief aan ouers, personeel en leerders

15 Julie 2020

Beste Ouers, Personeel en Leerders

Ons vertrou dit gaan goed en dat julle gesond is.

Die gr. 10- en 11-leerders het hulle eerste twee weke van skool, met al die regulasies ten opsigte van die Coronavirus, beleef. Daar was 'n aanvanklike angstigheid onder sekere leerders, maar namate hulle aan al die prosedures gewoond geraak het, het dit beter gegaan. Baie dankie aan elke leerder en onderwyser wat die regulasies toepas en sodoende die skool veilig hou. Graag beklemtoon ek weer dat die veiligheid van elke persoon ons prioriteit is. **Die tweede belangrike aspek is dat ons aan die leerders maksimum geleentheid gee om hulle skoolwerk te bemeester sodat hulle aan die einde van die jaar volgens hulle potensiaal sal slaag.**

**Die regulasie dat daar nie meer as 50% van die skoolbevolking by die skool mag wees nie, veroorsaak dat ons slegs twee grade per dag na die skool bring. Dus moet leerders en ouers seker maak watter dae die leerders by die skool moet wees.**

Lees asseblief weer die regulasies wat aan julle gestuur is. Ouers en leerders moet die volgende regulasies as prioriteite beskou:

1. **Tien goue reëls:**
   1.1. Voltooi skanderingsvorm by die huis.
   1.2. As jy kan neem jou temperatuur by die huis. Indien dit te hoog of te laag is, bly by die huis. Kontak jou dokter of naaste mediese beampte.
   1.3. Indien jy **ja** op enige van die vrae antwoord, bly by die huis. Die beleid van die skool is, as 'n leerder of personeellid siek voel, ons hulle huis toe stuur.
   1.4. Dra altyd 'n masker.
   1.5. Handhaaf 1,5 m sosiale afstand.
   1.6. Leerders mag slegs van die noordekant van die skool die terrein betree.
   1.7. Trap met jou skoene in die bakke met ontsmettingsmiddels voordat jy skandeer.
   1.8. Beweeg altyd in dieselfde rigting, nl. antikloksgewys as jy by die skool aankom of klas wissel.
   1.9. Stap asseblief agter mekaar en vermy kontak.
   1.10. As jy in aanraking kom met 'n persoon wat positief getoets het, isoleer jouself.

   **Deur toe te sien dat ons almal by die reëls hou, kan ons die mense om ons se veiligheid verseker.**

2. **Gr. 8- en 9-leerders**
   Die nasionale minister het aangedui dat die gr. 9's op 3 Augustus begin. Ons het toestemming van die WKOD dat die gr. 8-leerders ook op Maandag 3 Augustus begin. Die leerders en hulle ouers moet hulle vergewis van die riglyne en die rooster wat aan hulle gestuur sal word.

3. **Verkeersreëlings**
   Ouers moet asseblief vir ons help met die gladde vloei van verkeer op die terrein. Indien jou kind in die Kunssentrum skandeer, maak asseblief van die hek by Beyers Tehuis gebruik. Indien jou kind in die saal skandeer, maak asseblief gebruik van die Burgerhek. Indien jy

twee kinders kom aflaai wat in die Kunssentrum en die saal skandeer, maak gebruik van die hek by Beyers Tehuis.

**Daar is elke dag twee grade by die skool en daarom is geduld en die toepassing van die verkeersreëls nodig om 'n vinnige verkeersvloei op die terrein te verseker. Ons almal wil graag sosiaal verkeer, maar ons versoek dat ouers nie op die parkeerarea sal kuier nie. Ouers moet nadat hulle hulle kinders afgelaai het, asseblief so vinnig moontlik die skoolterrein verlaat.**

4. **Personeel.**

Daar is tans twee opvoeders wat as gevolg van komorbiditeite by die huis moet bly. Daar is ook vier kollegas wat net vir hulle klasse inkom. Dié personeel word volgens die voorskrifte van die WKOD bestuur.

Ons is baie dankbaar dat twee nuwe personeellede ons in hierdie tyd uithelp, nl.me. Elrinda van der Schyff (Lewenswetenskappe) en mnr. Cameron Stronach (Landbouwetenskap). Ons vertrou hulle geniet dit onder die moeilike omstandighede by die skool.

5. **Die volgende vrae word gereeld deur ouers en leerders gevra:**

**5.1. Wanneer word 'n skool gesluit?**

Slegs die hoof van onderwys in die Wes-Kaap, mnr. Brian Schreuder, kan opdrag gee dat 'n skool gesluit word. Daar is skole in die Wes-Kaap wat soveel as 9 positiewe gevalle het en nie gesluit is nie. Hulle het die regte protokol gevolg. Ons het een leerder wat positief getoets het en as ouers die brief van 17 Junie lees, sal hulle sien dat ons die protokol reg toegepas het en dat die skool nie gesluit is nie.

**5.2. Wat doen ek as ek nie my kind skool toe wil stuur nie?**

Dit bly ouers se reg en keuse om hulle kinders by die huis te hou. Die nodige aansoekvorms is by die skool beskikbaar. Die WKOD hanteer die aansoek en as hulle besluit 'n ouer se aansoek is nie geldig nie, sal hulle die betrokke ouer in kennis stel. Dit bly die ouer en leerder se verantwoordelikheid om met die skool kontak te maak om die skoolwerk en opdragte te kry.

**5.3. Moet ek skoolgeld betaal as my kind by die huis bly?**

Ja, skoolgeld is 'n statutêre verpligting. Die beheerliggaam hanteer aansoeke van ouers wat hulle werk verloor het of verminderde inkomste het, volgens die voorskrifte. Uit die aard van die saak word dit baie sensitief hanteer.

**5.4. Hoekom begin ons met die gr. 10- en 8-leerders vroeër as wat die minister in haar persverklaring gesê het?**

Daar is verskeie redes hoekom ons aansoek gedoen het om die gr. 10's en 8's vroeër skool toe bring:

- Die agterstand wat die leerders as gevolg van die grendelperiode opgedoen het, is enorm.
- Aangesien ons ons roosterbeplanning volgens die eerste datums gedoen het, het ons besluit om aansoek te doen.
- Baie ouers werk elke dag en hulle kinders moet alleen by die huis bly.
- Die situasie by die skool is veilig en ons vertrou dat ons leerders genoeg dissipline het om die regulasies toe te pas.

Die WKOD het ons aansoek dat die gr. 8- en 10-leerders vroeër begin, goedgekeur. Ons wil graag sien dat die fondament vir die volgende jaar goed gelê is. Uit ervaring met die matrieks is dit duidelik dat die werk wat leerders tydens fase 5 van die grendelperiode aanlyn gedoen het, nie so goed bemeester is soos die werk wat met hulle in die klas behandel is nie.

**5.1. Wat is die beleid ten opsigte van sosiale media en watter leerders is geregtig om vir onderwysers vrae via sosiale media te vra?**
Die beleid is dat onderwysers verskillende groepe op sosiale media soos WhatsApp stig. Dit is suiwer vir akademiese en administratiewe doeleindes gestig. Leerders kan nie ander leerders of persone by die groep voeg, tensy die betrokke onderwyser toestemming gegee het nie. Leerders mag ook nie ander persone bespreek en nie-akademiese of -administratiewe sake op die groep plaas nie.

Slegs leerders wat amptelike toestemming het om by die huis te bly, kan via WhatsApp a onderwysers vrae vra. Die ander leerders kan dit op Edmodo doen of as die leerder die skool bywoon, kan hy/sy die volgende dag die geleentheid om vrae aan die betrokke onderwyser te vra. Respekteer asseblief die onderwysers se privaatheid en wees bedagsaam as jy met hulle kommunikeer.

**6. Finansies**

Eerstens wil ons opreg dankie sê vir ons ouers wat getrou skoolfonds en koshuisgeld betaal. As dit nie vir julle – die ouers – was nie, sou die skool nie die kwaliteit onderrig waarvoor hy bekend is, kon handhaaf nie. Te danke aan julle, die hulp wat ontvang is van die WVF se TERS, en besparings waar moontlik, lyk dit of ons binne begroting sal bly.

Hieronder is van die uitgawes aangegaan as gevolg van COVID:

- Perspex skerms op lessenaars R28,260
- UV ligte vir sanitering R42,100
- Termometers R28,350
- Toestelle vir saniteerders R18,750

Dis 'n totaal van R117,460 se kapitaal aankope waarvoor nie oorspronklik begroot was nie. Daarby is daar ook nog lopende uitgawes vir skoonmaakmiddels en salarisse vir tydelike personeel om addisionele klasse te hanteer. Hierdie uitgawes het skielik 'n noodsaaklikheid geraak en moes aangespreek word in die huidige begroting.

Goeie nuus is dat die skool se boukomitee eersdaags vergader, waar beplanning sal begin vir toekomstige kapitaal projekte. 'n Prioriteitslys sal opgestel word en met omsigtigheid en 'n fyn oog op die finansies, sal van die projekte moontlik teruggesit word in die huidige begroting.

Ons herinner ouers net weer dat die betaling van skoolgeld is 'n statutêre verpligting kragtens die bepalings van Artikel 40(1) van die Skolewet. Ouers wat op hierdie stadium nie kan betaal nie, moet asseblief Me. Venter in die finansiële kantoor kontak om reëlings te tref, of aansoek doen om vrystelling. Hoe gouer ons weet van ouers wat nie skoolgeld kan bekostig nie, hoe gouer kan ons 'n plan maak om 'n tekort op die begroting te verhoed.

Die beheerliggaam het besluit dat kontant op die skoolterrein tot 'n minimum beperk moet word. Kontanthanteringskoste by die bank is verskriklik duur, verder is daar die risikos van diefstal, roof, bedrog, en dan huidiglik ook die verspreiding van Covid-19. Ons moedig ouers aan om van die volgende alternatiewe metodes van betaling gebruik te maak:

- Karri-App,
- debiet- of kredietkaart, en of
- elektroniese fonds oorplasings
- U kan wel kontant betalings by 'n FNB outobank direk in die skool se rekening maak

Baie dankie aan ons ouers wat reeds Karri-App gebruik. Ons kry geweldig baie positiewe terugvoering en kan dit regtig aanbeveel as betaalmiddel. Nedbank het hier 'n fantastiese produk geskep wat gerieflik en veilig is vir ouers om betalings mee te maak.

Die skool en die beheerliggaam werk hard om die finansies van die skool gesond te hou, juis nou meer, te midde van die pandemie en 'n baie onsekere toekoms. Weereens baie dankie aan ons ouers – saam sal ons sterk aan die ander kant uitkom.

7. **Eksamens**
   As gevolg van die beperkings op die getal leerders en die sosiale afstand wat leerders en personeel moet handhaaf, sal die matrieks in die Septembereksamen ook in kerksale skryf. Die matrieks gaan in die Moedergemeentesaal, CRC-saal, skoolsaal en sysaal skryf.

   Die Nasionale Onderwysdepartement het nog net 'n voorlopige matriek eindeksamenrooster opgestel. Dit is dus nie moontlik om vir ouers en leerders 'n aanduiding te gee van wanneer die leerders aan die einde van die jaar klaarmaak nie.

8. **Psigometriese toetse - gr. 9**
   Die gr. 9's se psigometriese toetse vind vanaf Dinsdag 21 Julie tot Vrydag 24 Julie 2020 in die CRC-kerksaal plaas. Daar word 50 leerders per dag getoets en ons vertrou die proses gaan help met hulle vak- en loopbaankeuse.

Deur mekaar te ondersteun, vir mekaar te bid en saam te werk, sal ons die "oorlog" teen die Corona-virus wen. Bly asseblief veilig!

Vriendelike groete.

C.P. Vorster
Skoolhoof

A. Keyser
Voorsitter: Beheerliggaam